



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2016

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Penalisering geskied slegs as die spelling van die kernwoord die antwoorde se betekenis verander.
- As 'n taalfout die betekenis van die antwoord verander, word geen punt toegeken nie.
- Indien 'n spelfout die betekenis van 'n eenwoord-antwoord verander, word geen punt toegeken nie.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:
 - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
 - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

VRAAG 1: ARTIKEL				
TEKS A: (651 woorde)				
VRAAG	MEMORANDUM		PUNT	DENK-VLAK
1.1	Universiteit van Kaapstad ✓		(1)	1
1.2.	<p>“Tegnies is hulle nie almal in my klas nie, maar hulle kom vir hulp!” ✓ (Moet volledig aangehaal word vir 'n punt; met of sonder aanhalingstekens.)</p>		(1)	2
1.3	Stella Clark-onderwysprys ✓ (korrek oorgeskryf)		(1)	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • Deurmekaarspul van stemme ✓ • Warboel van stemme ✓ • Gegons van stemme ✓ • Mense wat almal gelyk praat ✓ (Enige EEN of soortgelyk binne konteks.)		(1)	4
1.5	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle het hulle akademie ernstig opgeneem. ✓ • Hulle het die werk aan mekaar verduidelik wat hulle nie verstaan nie. ✓ • Hulle wil vir hom werk. • Hulle 'google' (op hulle selfone) om die volgende dag se werk na te gaan. (Enige EEN of soortgelyk binne konteks.)		(1)	3
1.6	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het hom raadgegee. ✓ • Hy het hom gelei. ✓ • Hy was 'n gids. ✓ • Hy het hom gehelp. ✓ • Hy was 'n voorbeeld. ✓ • Hy het hom gemotiveer. ✓ (Enige EEN of soortgelyk binne konteks.)		(1)	3
1.7	1.7.1	Konnotatiewe ✓	(1)	4
	1.7.2	<ul style="list-style-type: none"> • Hy werk sag met hulle. ✓✓ • Hy werk mooi met hulle. ✓✓ • Hy is nooit lelik met hulle nie. ✓✓ • Hy is baie versigtig as hy met kinders werk. ✓✓ • Dit het 'n figuurlike betekenis. ✓✓ (Enige EEN of soortgelyk binne konteks.)	(2)	3
1.8	Hy moes 'n opstel (oor De Storie) skryf. ✓		(1)	1
1.9	Hewitt-onderwyskollege (in Athlone). ✓ (korrek oorgeskryf)		(1)	1

VRAAG	MEMORANDUM		PUNT	DENK-VLAK
1.10	3 maande ✓		(1)	1
1.11	<p>Sy het 'n artikel oor hom geskryf en wou hom in 'n klas waarneem. ✓</p> <p>Sy wou meer weet hoe De Storie in die klas te werk gaan na hy die prys ontvang het. ✓</p> <p>(of soortgelyk binne konteks)</p>		(1)	3
1.12	1.12.1	Ja of Nee verdien nie 'n punt nie.		
	1.12.2	<p>Stem saam</p> <p>Hy motiveer kinders (en ander onderwysers kan van hom leer). ✓✓</p> <p>Hy doen iets reg (en ander onderwysers kan van hom leer). ✓✓</p> <p>Hy behaal sukses (en ander onderwysers kan van hom leer). ✓✓</p> <p>Stem nie saam nie</p> <p>Elke onderwyser doen in sy klas wat vir hom werk. ✓✓</p> <p>Elke klas is verskillend en onderwysers moet by elke situasie aanpas. ✓✓</p> <p>(of soortgelyk binne konteks)</p>	(2)	4
1.13	B.Sc. ✓ (korrek oorgeskryf)		(1)	1
1.14	<p>Hy was te kort. ✓</p> <p>Hy was bang die lang seuns sien hom nie raak nie. ✓</p>		(1)	1
1.15	Fisiese Wetenskap ✓ (korrek oorgeskryf)		(1)	1
1.16	1.16.1	Figuurlik ✓	(1)	1
	1.16.2	<p>Die moeilikheid oorkom. ✓</p> <p>Om 'n probleem baas te raak. ✓</p> <p>(Enige EEN of soortgelyk binne konteks.)</p>	(1)	3
1.17	<p>Dit is goed ...</p> <p>as kinders self die antwoord uitwerk. ✓✓</p> <p>want kinders leer om te dink. ✓✓</p> <p>want kinders leer om enige probleem te oorkom. ✓✓</p> <p>(of soortgelyk binne konteks)</p> <p>Dit is nie goed nie ...</p> <p>want baie kinders verstaan niks van die werk nie. ✓✓</p> <p>want kinders kan moed opgee. ✓✓</p> <p>(Enige EEN of soortgelyk binne konteks.)</p>		(2)	5

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
1.18	“Spottenderwys” ✓ (Korrekte spelling; met of sonder aanhalingstekens.)	(1)	4
1.19	Ja. De Storie help die kinders net so ’n bietjie, want kinders moet hulle eie antwoorde uitwerk. ✓ (of soortgelyk binne konteks) Nee. De Storie help die kinders baie omdat hy hulle laat dink en hy help hulle om die antwoorde te kry. ✓ (of soortgelyk binne konteks)	(1)	5
TEKS B			
1.20	Op Instagram werk ’n mens met foto’s. ✓	(1)	2
1.21	B / Mxit C / LinkedIn A / Twitter (Al drie korrek vir ’n punt.)	(1)	3
1.22	Hulle het albei dieselfde hoeveelheid verbruikers. ✓	(1)	3
1.23	Praat net met hulle vriende. ✓	(1)	3
1.24	Dit is die geluid wat ’n voëltjie maak. ✓ ’n Voëltjie tweet . ✓	(1)	2
1.25	Suid-Afrika ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	2
TOTAAL AFDELING A:		30	

AFDELING B: OPSOMMING**ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Som die feite sover as moontlik in jou eie woorde op.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE 'N PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE DIREKTE AANHALINGS NIE:

Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in 'n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.

Puntetoekenning:

1–3 feite korrek: 1 punt

4–5 feite korrek: 2 punte

6–7 feite korrek: 3 punte

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:

L.W.: Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in 'n sinsnede aangebied word, SOLANK DIT SINVOL IS.

Puntetoekenning:

6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie

1–5 aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)

Feit	7
Taal	<u>3</u>
Totaal	10

LET WEL

Formaat:

- Selfs al word die opsomming in die verkeerde formaat aangebied, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

Woordtelling:

- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.

- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), sien tot aan die einde van die volsin na.
- **Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.**
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- **Indien die maksimum woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**

OPDRAG: Som die sewe aspekte van geletterdheid in SEWE VOLSINNE op.

- Daar kom **7 moontlike feite** in die leesstuk voor.
- Die onderstreepte sinne kan moontlik direk aangehaal word.

DIE GROOT G VAN GELETTERDHEID	
Geletterdheid is meer as lees en skryf. Dit beteken dat jy omgee vir jouself as jy goed kan lees en skryf daarom kan jy beter leer en kan jy die wêreld om jou beter verstaan. Jou gesondheid is baie belangrik. Om geletterd te wees beteken dat jy kennis het van dinge wat vir jou skadelik is soos rook, dwelms en alkohol en ook hoekom oefening goed is en oorgewig sleg is.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Om geletterd te wees is om te lees en te skryf. 2. Geletterdheid is om kennis te hê van wat goed of sleg vir jou gesondheid is.
Geletterdheid beteken dat jy geldslim moet wees. Mense werk hard om geld te verdien om vir hulle geliefdes te sorg. Geldslim beteken om nie geld te leen nie; dit beteken dat jy geld sal spaar en nie op onnodige dinge mors nie. Geletterdheid en groen is ook sinoniem. Hoe meer kennis jy van jou omgewing het, hoe meer besef jy dat dit belangrik is om dit op te pas: herwinning van papier en plastiek, water- en kragbesparing en om nie insekdoders te gebruik nie is belangrike dinge wat jy moet leer.	<ol style="list-style-type: none"> 3. Geletterdheid is om geldslim te wees. 4. Geletterdheid is om groen te leef.
Omgee vir diere vorm deel van die genot van geletterdheid. Diere aanvaar mense soos hul is en mense ontspan meer wanneer hulle met hul troeteldiere speel. Kinders leer verantwoordelikheid as hulle diere versorg wat belangrik vir hulle opvoeding is. 'n Deel van 'n mens se geletterdheid en opvoeding is om ander mense in ag te neem. Jy leer dat as jy kwaad is, jy nie op andere mag skree nie. Respek is ook belangrik: dit beteken jy mag nie steel, boelie of lieg nie.	<ol style="list-style-type: none"> 5. Geletterdheid is om vir diere om te gee. 6. Geletterdheid is om ander mense in ag te neem.
Elke mens moet weet waartoe hy/sy in staat is. Jy moet weet hoekom jy negatief reageer en wat jou kwaad en gelukkig maak. Selfkennis is seker die belangrikste tipe geletterdheid.	<ol style="list-style-type: none"> 7. 7 Geletterdheid is om jouself te ken.

(62 woorde) Direkte aanhaling 76 woorde

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**ASSESSERINGSRIGLYNE****WOORD- EN SINSTRUKTURE**

- **Spelling vir eenwoord-antwoorde moet korrek wees om punte te verdien.**
- Die standaardvariant geld.
- Wanneer slegs een woord as antwoord gevra word, kry die kandidaat geen punte indien die opdrag nie uitgevoer is nie. (Kandidate moet nie die hele sin skryf nie, indien daar gevra word om net die woord te skryf.)
- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie **indien anders vereis word – veral met een woord antwoorde**; behalwe waar spelling getoets word.
- Taalfoute word geenaliseer waar taalstrukture gevra word.
- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie ook korrek wees om 'n punt te verdien.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, moet die hele sin uitgeskryf word.
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
- **Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.**

VRAAG 3: ADVERTENSIE**TEKS D**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
3.1	Dit is Engels. ✓ Dit is nie Afrikaans nie. ✓	(1)	3
3.2	HTS Drostdy ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	1
3.3	Versierend ✓ Klanknabootsend ✓ Beklemtoning ✓	(1)	4
3.4	Steakete ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	5

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
3.5	namiddag ✓ (korrekte spelling/kleinlettertjie)	(1)	1
3.6	B / Die reg om binne te gaan kan geweier word ✓	(1)	3
3.7	Ongeveer 12–19-jariges ✓	(1)	3
3.8	haar ✓ (korrekte spelling)	(1)	1
3.9	Die naam is “Donkie Derby” en daarom is daar baie prentjies van Donkies. ✓ Daar is prentjies van kos en daar is baie kosstalletjies. ✓ Daar is ’n prentjie van ’n opelugteater wat na die “live band” verwys. ✓ Daar is ’n vrou met ’n hoed wat na “Jansenville Got Talent” verwys. ✓ (Enige TWEE of soortgelyk binne konteks.)	(2)	5
		[10]	

AFDELING C: TAAL**VRAAG 4: STROKIESPRENT****TEKS E**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
4.1	Woorde ✓	(1)	3
4.2	Woorde is weggelaat. ✓ Hy het nie klaar gepraat nie. ✓ Die leser kan sy / haar eie gedagtes insit. ✓	(1)	1
4.3	4.3.1 Fluks/hardwerkend ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	1
	4.3.2 Die klok lui om pouse aan te dui. ✓	(1)	3
4.4	Hy wys na die seun. ✓ Sy gesigsuitdrukking is nie vriendelik nie. Sy gesigsuitdrukking wys dat hy kwaad is. ✓ (Enige EEN of soortgelyk binne konteks.)	(1)	3
4.5	Sy woorde is in hoofletters. ✓ Daar is twee uitroeptekens na sy woorde. ✓ (Enige EEN of soortgelyk binne konteks.)	(1)	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
4.6	Hy kyk TV. ✓ Hy kyk nie na sy pa nie. ✓ Hy het 'n glimlag om sy mond. ✓ (Enige EEN of soortgelyk binne konteks.)	(1)	4
4.7	Die kamer is baie deurmekaar. ✓ Die kamer is baie vuil / morsig. ✓	(1)	3
4.8	Daar is strepies bo en onder sy hand (wat beweging aandui). ✓	(1)	5
4.9	Die seun wil net TV kyk. ✓ Die seun neem aan verskeie sportsoorte deel. ✓ Die seun is lui/geen verantwoordelikheid nie. ✓ (of soortgelyk binne konteks)	(1)	5
		[10]	
VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT			
TEKS F			
VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
5.1	Leon Greyvenstein het die maatskappy begin . ✓ (Alles moet korrek wees vir 'n punt.)	(1)	3
5.2	Omdat hulle deel van die lewe is, is Simba-skyfies Suid-Afrika se gunsteling happie. ✓ Omdat hulle deel is van die lewe, is Simba-skyfies Suid-Afrika se gunsteling happie. ✓ (Alles moet korrek wees vir 'n punt.)	(1)	3
5.3	gesien ✓ (korrekte spelling)	(1)	1
5.4	piepklein ✓ (korrekte spelling)	(1)	1
5.5	Die maatskappy sal deur Leon Greyvenstein begin word . ✓ (Alles moet korrek wees vir 'n punt.)	(1)	3
5.6	Suid-Afrikaner ✓ (korrekte spelling)	(1)	3
5.7	Leon sê dat hy Simba in 1956 sy naam gegee het . ✓ (Alles moet korrek wees vir 'n punt.)	(1)	3

5.8	Wat het ontstaan? ✓ (Korrekte vraende voornaamwoord en 'n vraagteken [?] om die punt te verdien.)	(1)	1
5.9	tjip ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	1
5.10	aartappel ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	1
5.11	dir. ✓ (Korrekte spelling – kleinlettertjie met 'n punt.)	(1)	1
5.12	tydjie ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	1
5.13	Simba-skyfies behoort vir almal te wees. ✓ (Alles moet korrek wees vir 'n punt.)	(1)	3
5.14	Nie almal hou van Simba-skyfies nie. ✓ Niemand hou van Simba-skyfies nie. ✓ (Beide moontlikhede kan aanvaar word en alles moet korrek wees vir 'n punt.)	(1)	3
TEKS G			
VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
5.15	kruk ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	1
5.16	suster ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	1
5.17	teddiebeer ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	1
5.18	vir ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	1
5.19	spelende ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	3
5.20	gesin ✓ (Korrekte spelling.)	(1)	1
		[20]	
	TOTAAL AFDELING C:	40	
	GROOTTOTAAL:	80	